# NUUS | SAOU | NEWS

GAUTENG

**Blitz 28/2017 – 05/06/2017**

**Tel 086 072 6843 / 012 436-0900**
**E-pos/email saougau@saou.co.za**

GEPF
your investment, your future

| | |
|---|---|
| **REGERINGSWERKNEMERS-PENSIOENFONDS**<br>**Wat is die waarheid agter die gerugte?** | **GOVERNMENT EMPLOYEES PENSION FUND (GEPF)**<br>**What is the truth behind the rumours?** |
| Die SAOU is weer eens oorval deur navrae van bekommerde lede n.a.v. vals berigte op sosiale media. Volgens gerugte gaan die Public Investment Corporation (CIP), wat verantwoordelik is vir die bestuur van die Regerings-werknemerspensioenfonds se fondse, betrokke raak by die herfinansiering van die Suid-Afrikaanse Lugdiens (SAL). | The SAOU has been inundated with enquiries by concerned members as a result of false reports on social media. According to the rumours a struggling South African Airways (SAA) could possibly be funded by the Public Investment Corporation (CIP), which manages the GEPF's funds. |
| **Regeringswerknemers-pensioenfonds** | **GEPF** |
| As Afrika se grootste pensioenfonds, het die Regeringswerknemerspensioenfonds meer as 1.2 miljoen aktiewe lede, met meer as 400 000 pensionarisse en begunstigdes, asook bates ten waarde van meer as R1.6 trillion. | Being Africa's largest pension fund, the Government Employees Pension Fund (GEPF) has more than 1.2 million active members, in excess of 400 000 pensioners and beneficiaries and assets worth more than R1.6 trillion. |

| | |
|---|---|
| Siende dat die Regeringswerknemers-pensioenfonds 'n vasgestelde voordeelfonds is, moet die Fonds aan streng regulasies, wat die finansiële aanspreeklikheid beheer, voldoen. Reëls, soos uiteengesit in die Government Employees Pension (GEP)-Wet moet gevolg word. Die bogenoemde wetgewing bepaal nie alleenlik hoe die Regeringswerknemers-pensioenfonds fondse moet insamel van bydraende lede nie, maar ook hoe dít belê en voordele aan kwalifiserende persone uitbetaal moet word.<br><br>Tans is die Fonds een van min, baie groot vasgestelde voordeelfondse in die wêreld wat 100% befonds is. | As GEPF is a defined benefit fund, the Fund has to adhere to strict regulations governing its financial liabiltiy to members and pensioners.<br><br>The GEPF has to follow the rules set out in the Government Employees Pension (GEP) Law. Not only does this law and its rules explain how the GEPF must collect money from contributing members but also how the money must be invested and benefits paid out to those eligible for benefits.<br><br>GEPF is currently only of very few large defined benefit pension funds in the world which funded 100%. |
| **Belangrik** | **Important** |
| Die meeste privaatsektor pensioenfondse is normaalweg omskrewe **bydraefondse**, terwyl die Regeringswerknemers-pensioenfonds verskil in die sin dat dit 'n **vasgestelde voordeelfonds** is. | Most private sector pension funds are normally defined **contribution** funds while the GEPF is different in the sense that it is a defined **benefit fund**. |
| **Wat is 'n vasgestelde voordeelfonds?** | **What is a defined benefit fund?** |
| 'n Vasgestelde voordeelfonds is 'n fonds waar die voordele in terme van reëls definieër word. By die Regerings-werknemerspensioenfonds word die voordele oor die algemeen gewaarborg en is nie afhanklik van die belegginsopbrengs van die fonds of die bydrae van die lid- en werkgewer nie. | A defined benefit fund is a fund where the benefits are defined in terms of the rules. In GEPF, benefits are generally guaranteed and are not dependent on the investment return of the fund or on the level of member and employer contributions. |
| **Onthou dat die** Regeringswerknemers-pensioenfonds **nie 'n voorsorgfonds is nie, maar 'n pensioenfonds.** U pensioenvoordeel is veilig aangesien die hoofdoel van die Fonds is om die belange van die lede en pensionarisse te beskerm deur effektiewe administrasie en omsigtige beleggings. | **Remember that GEPF is not a provident fund; it is a pension fund.** Your pension benefit is secure as the primary role of the GEPF is protect the interest of its members and pensioners by safeguarding their retirement benefits through proper administration and prudent investment. |

| Wat sê die Regeringswerknemers-pensioenfonds? | What does GEPF say? |
|---|---|
| Volgens 'n persverklaring uitgereik op Donderdag, 25 Mei 2017, is die Regeringswerknemerspensioenfonds nog nie gekontak nie en geen voorleggings in die verband ontvang nie. Die Fonds belowe verder om beleggings binne die grense van die relevant reëls te maak. | According to a media statement made on Thursday, 25 May 2017, the GEPF claims that as to yet the Fund has not been approached or receive any proposals in this regard and only invests prudently whilst adhering to the relevant rules and Law. |
| **[Bron:** www.gepf.gov.za**]** | **[Source:** www.gepf.gov.za**]** |
| **Waar kan meer inligting in die verband bekom word?**<br><br>Die **SAOU** se inbelsentrum kan geskakel word op 086 072 6843<br><br>**Regeringswerknemerspensioenfonds:**<br><br>www.gepf.co.za<br><br>0800 117 669 | **Where can more information be obtained?**<br><br>The **SAOU** call centre may be contacted at 086 072 6843<br><br>**GEPF:**<br><br>www.gepf.co.za<br><br>0800 117 669 |
| gems<br>Government Employees Medical Scheme | |
| **Bekendstelling van die self-help kiosk!**<br><br>Besoek gerus die SAOU-kantore in Garsfontein vir toegang tot die self-help kiosk vir GEMS-lede.<br><br>**Vinnige en maklike toegang tot:**<br><br>• Belastingsertifikate<br>• Lidmaatskapkaarte<br>• Spaarsaldo's<br>• Rekords van vorige eise<br>• Lidmaatskapsertifikate<br>• Lidmaatskapvoordele | **Introducing the self-help kiosk!**<br><br>Please visit the SAOU offices in Garsfontein to access the self-help kiosk for GEMS members.<br><br>**Quick and easy access to:**<br><br>• Retrieval of tax certificates<br>• Requesting a membership card<br>• Accessing your latest savings balance<br>• View the claim history<br>• Accessing the service provider network<br>• Retrieval of a membership certificate<br>• Member benefit options can also be viewed |




## UITSLAG VAN TUSSENVERKIESING IN KRING 4

Dit is aangenaam om aan te kondig dat mnr J G Claassen van Laerskool Voortrekker Eeufees as Kringorganiseerder tot die Provinsiale Uitvoerende Raad van die SAOU (Gauteng) in Kring 4 verkies is.

Die Provinsiale Uitvoerende Raadslede vervul 'n uiters belangrike rol om die bedrywighede van die SAOU (Gauteng) te help organiseer en te bestuur. Mnr Claassen word van harte geluk gewens met sy verkiesing tot die Provinsiale Uitvoerende Raad.

Dit is 'n amp wat besondere hoë eise en uitdagings stel, maar ook persoonlike vervulling teweeg sal bring. U word baie sterkte met die werksaamhede binne die strukture van die SAOU toegewens.

## OUTCOME OF THE BY-ELECTION IN CIRCUIT 4

It is with pleasure that we announce that Mr J G Claassen of Laerskool Voortrekker Eeufees, has been elected as Circuit Organiser for Circuit 4 on the Provincial Executive Council of the SAOU (Gauteng).

Provincial Executive Council members perform an extremely important role to facilitate and organise the activities of the SAOU. The SAOU (Gauteng) wishes to congratulate Mr Claassen and believes that he will be an asset to the Provincial Executive Council with his experience in education.

Our hearty congratulations to Mr Claassen. It is a demanding and challenging position, but at the same time it leads to personal growth and satisfaction. We wish him a fruitful and successful year within the structure of the SAOU.

*Copyright © 2016 SAOU GAUTENG, All rights reserved.*

**Our mailing address is:**
Tel: 086 072 6843 / 012 436-0900
E-pos / Email: saougau@saou.co.za

*Please take note: Should you wish to unsubscribe from the list, you will no longer receive any newsletter from the SAOU!
*Neem asb. kennis: Indien u kies om uit te teken van die lys, sal u geen verdere nuusbrief van die SAOU ontvang nie!